

Prof Christof Heyns

Dekaan



Prof Anton Kok

Waarnemende Dekaan



4.7

Fakulteit Regsgeleerdheid

Boodskap van die Dekaan

Die Fakulteit Regsgeleerdheid se doelwit is om 'n aktiewe navorsingsfakulteit te wees wat bydra tot die daarstelling en volhoubaarheid van demokratiese burgerskap en die regs-, politiese en maatskaplike transformasie van die Suid-Afrikaanse samelewing deur navorsingsuitsette en voor- en nagraadse studie van hoë gehalte. Ten einde te verseker dat sy navorsing nie bloot van 'n funksionele aard is nie, en sodoende nie bloot die status quo bevestig nie, maar inderdaad bydra tot die uitbouing van die oppergesag van die reg, konstitusionalisme en demokrasie, moet sowel die wyse waarop navorsing gedoen word as die doelstellings van sodanige navorsing op ondersoek en bevraagtekening fokus.

Oor die afgelope vier jaar het maandelikse departementele navorsingseminare verpligtend geword ten einde navorsing meer sentraal tot die daaglikse bedrywighede van die Fakulteit te maak. Hierdie proses sal voortgaan en akademici van buite (byvoorbeeld buitengewone professore) het toenemend betrokke geraak. Daar is ook ander inisiatiewe om akademiese debat en navorsing aan te moedig, soos die Prestige-lesingreeks, die Boekklub en die publikasie van PULP Fictions.

Die Navorsingskomitee speel sedert die begin van 2010 'n meer aktiewe rol om belangrike datums aan Fakulteitslede deur te gee en verteenwoordigers op die komitee speel ook 'n meer aktiewe rol in hul departemente. In Oktober 2010 is die navorsingsgesprekke in al die departemente

aan diepgaande besinning oor navorsing gewy. Kollegas is versoek om onder andere te besin oor die verband tussen navorsing en “die idee van ’n universiteit”, demokratiese burgerskap, substantiewe vrae oor die aard van vakkundige navorsing en die noodsaaklikheid daarvan om op begripvlak in gesprek te tree. Die feit dat net ’n klein aantal publikasies van die Fakulteit in internasionale tydskrifte en boeke verskyn, is ’n groot uitdaging. Die impak van meeste van die publikasies is gevolglik tot ’n meer plaaslike leserskorps beperk. Plaaslike aanlyn tydskrifte mag ’n wyer impak hê. Die Fakulteit het tans 16 NRF-gegradeerde navorsers.

Sedert 2006 is die Fakulteit se verklaarde doelwit om sy aantal nagraadse studente aansienlik te verhoog. Een van die hoofontwikkelinge in die Fakulteit was die instelling van ’n befondsde doktorsale program oor die afgelope twee jaar met die ruim finansiële bystand van die Universiteit. Gedurende die implementering van hierdie program het dit aan die lig gekom dat heelwat baat gevind kan word deur ook deeltydse studente te teiken, in die besonder akademië van ander regs fakulteite in Suid-Afrika en die res van die kontinent. Die befondsde doktorsale program is ontwerp om ten minste 30 LLD-studente te akkommodeer. Volgens alle aanduidings sal hierdie befondsde program die Fakulteit in staat stel om sy studieleiding aan doktorsale studente en hul deurvloei te verbeter.

’n Aantal ambisieuse beginsels vir navorsing is in die Fakulteit neergelê. Die doel daarvan is om die skakel tussen nagraadse studie en navorsing te bevestig en uit te brei. Ten minste sommige mini-verhandelings moet aan die vereistes voldoen om gepubliseer te word. Daar sal van studieleiers, departementshoofde en die navorsings- en nagraadse komitees verwag word om opvolgwerk te doen en seker te maak dat nagraadse kandidate hul navorsing publiseer. ’n Opsie wat mentorskap aanmoedig, is om saam met ’n studieleier, mentor of ander nagraadse kandidaat te publiseer. Daar word van kandidate in die befondsde LLD- program verwag om drie artikels tydens hul studie te publiseer en nog een na afloop daarvan. Die betrokke studieleiers is verantwoordelik om nagraadse

studente se verpligting om te publiseer, te monitor. Dit sal vergemaklik word indien die verskillende departemente en/of studieleiers meer gefokusde terreine het waarin nagraadse studente opgeneem kan word.

Die Fakulteit, saam met sy vennote in Suid-Afrika, op die kontinent en oorsee, sal – by gebrek aan ’n beter woord – solank ’n “akademie” vestig wat ten doel het om nagraadse studie en navorsing vir die regsakademië van die land en die kontinent te bevorder. Die akademie sal jaarliks gedurende Augustus vir ongeveer ’n maand bymekaarkom. Die program sal ’n substantiewe teoretiese program sowel as generiese en spesifieke navorsingsmetodologieë en -vaardighede insluit.

Deur navorsing, onderrig en die gemeenskap met mekaar te verbind, poog die Fakulteit om navorsing ’n kernaktiwiteit in die lewe van elke fakulteitslid as akademikus te maak. Dit is ’n langtermynstrategie wat hopelik met verloop van tyd tot kwaliteit en volgehoue navorsingsuitsette en ’n breë navorsingskultuur in die Fakulteit sal lei.

[Prof Anton Kok](#)

Waarnemende Dekaan: Regsgeleerdheid

Sentrum vir Menseregte

Kritiese vraagstukke in die menseregtemandaat van die ECOWAS-geregshof

In hierdie navorsing bespreek die navorser die nuwe geleentheid vir internasionale menseregtelitigasie in Wes-Afrika, wat daargestel is toe die Ekonomiese Gemeenskap van Wes-Afrika-state (ECOWAS) in 2005 ’n protokol aangeneem het wat sy geregtelike orgaan, die ECOWAS-gemeenskaps-geregshof, bemagtig om sake van menseregteskending wat in ECOWAS-lidlande plaasvind, aan te hoor. Sedertdien is verskeie menseregte-eise voor die hof gebring. Daar bestaan egter kritiese vrae oor die regsgeldigheid van die nuwe mandaat en die hof se geskiktheid om

'n menseregtejurisdiksie uit te oefen. Die navorsing begin met 'n ondersoek na die grondslag binne ECOWAS vir die uitoefening van 'n menseregtejurisdiksie. Dit ontleed die legitiemiteit van die menseregtemandaat van die ECOWAS-geregshof en ondersoek kernvrae rakende die dienstigheid van die mandaat. Die navorsing bevat voorstelle oor wyses waarop uitvoering van die mandaat verbeter kan word en sluit af met 'n oproep om versigtige geregtelike navigasie by die uitvoer van die hof se uitgebreide jurisdiksie.

[Solomon Ebobrah](#)
+27 12 420 4306
solomon.ebobrah@up.ac.za

Op pad na meer liberale reëls oor locus standi om grondwetlike regte in Ethiopië af te dwing

In hierdie navorsing analiseer die navorser die regsorde se locus standi om grondwetlike regte in Ethiopië af te dwing. Die navorsing herhaal die direkte verband tussen locus standi-reëls en die reg op toegang tot geregtigheid. In die navorsing word gemerk dat, alhoewel die reg van verskeie lande steeds 'n persoonlike belang vereis in 'n aksie wat iemand wil instel, daar 'n ontwikkelende tendens is om locus standi-reëls te verslap, veral in geval van menseregtekwessies. Die navorsing oorweeg die aktivisme van die Indiese regsbank en die innoverende veranderinge wat die Suid-Afrikaanse Grondwet daargestel het deur die erkenning van gedingvoering in die openbare belang. Wat Ethiopië betref, oorweeg die navorsing die locus standi-reëls in gewone howe, die "House of Federation" en die "Council of Constitutional Inquiry", die Menseregtekommissie en die instelling van die Ombudsman. Die gevolgtrekking is dat die bestaande regsorde se locus standi te beperkend is omdat dit die daadwerklike skending van persoonlike regte en belange in 'n spesifieke eis vereis. Die locus standi-aangeleentheid word steeds beheer deur argaïese reëls wat nie die belang wat op die spel is en die individuele omstandighede van die slagoffers in ag neem nie. Die navorsing stel voor dat die locus standi-reëls verslap word ten einde te verseker dat die grondwetlike waarborge deur onder andere openbarebelang-litigante afgedwing kan word.

[Adem Abebe](#)
+27 12 420 5408
adem_kassie@yahoo.com

Internasionale reg en plaaslike menseregte litigasie in Afrika

In hierdie navorsing toon akademië en praktisyns dwarsoor die kontinent, insluitende vyf navorsers van die Sentrum vir Menseregte, hoe plaaslike howe in Afrika internasionale menseregte aangewend het om lacunae in nasionale handveste van regte uit te lê of aan te vul. Die navorsers het ook oorweging geskenk aan die uitdagings wat teëgekóm is by die toenemende gebruik van internasionale menseregte deur plaaslike Afrika-howe. Die navorsers bespreek hoe regsgeleerdes en regters in sivielerreg-Afrika huiwerig is om internasionale menseregte te gebruik ondanks die monistiese grondwetlike raamwerk. In teenstelling met howe in die dualistiese gemene reg, het lande uitvoering verwysings na internasionale menseregte in hul regs wetenskap. Die direkte aanwending van menseregte verdrae is egter skaars. Die hoofrede hiervoor is nie die vraag of 'n grondwetlike raamwerk monisties of dualisties is nie, maar die feit dat internasionale menseregte verdrae die nasionale handveste van regte beïnvloed het. Dit behoort die hoofrol van internasionale menseregte, in die vorm van regspraak en ander uitlegte deur toesighoudende liggame, te wees om nasionale howe te help om grondwetlik erkende regte uit te lê.

In 'n ondersoek na die plek van internasionale menseregte litigasie in Tanzanië, het die navorsers ook die posisie van internasionale reg voor die howe en kwasi-regsliggame in Tanzanië ondersoek. Hulle het die status van internasionale reg in Tanzanië ondersoek en bevind dat dié land 'n dualistiese benadering tot internasionale reg volg. Hulle het maniere voorgestel waarop internasionale reg in plaaslike reg in Tanzanië omskep kan word en ondersoek hoe

plaaslike howe internasionale menseregte gebruik het om plaaslike menseregtebepalings in die Grondwet uit te lê. Voorts is faktore uitgelig wat die gebruik van internasionale reg deur howe in Tanzanië beïnvloed, insluitende die rol wat regters en advokate speel. Die gevolgtrekking is dat die howe wel internasionale reg toepas, hoewel met versigtigheid. Die navorsing stel voor dat die howe in Tanzanië die beginsels van internasionale reg en buitelandse regspraak wyer aanwend.

In 'n ondersoek na die inkorporering van internasionale menseregte in die plaaslike reg van Zambië, het die navorser gemerk dat, alhoewel dit sedert 1964 'n onafhanklike soewereine staat is, die grootste deel van Zambië se regstelsel steeds gebuk gaan onder die dwangbuis van die Britse regstelsel, waarvan die gemenerereg die uitstaande kenmerk is. Internasionale reg staar sterk teenkanting in die gesig om die teësinnige Zambiese regsterrein te infiltrer. Dit is hoofsaaklik die resultaat van koloniale erfenis eerder as Zambië se doelbewuste keuse. Behalwe vir 'n paar merkbare uitsonderings was die howe teësinnig om internasionale reg aan te wend. In 'n studie van internasionale reg en menseregte litigasië in die Ivoorkus en Benin bespreek die navorsers hoe sommige Afrikalande aansienlike vordering gemaak het om menseregte litigasië te verwerklik, terwyl ander nog hul pad moet vind. Dit word geïllustreer deur die twee lande wat ondersoek is, naamlik die Ivoorkus en Benin. Benin is ernstig oor menseregte litigasië, soos blyk uit die daarstelling van 'n konstitusionele hof met 'n spesifieke mandaat om sake van beweerde menseregteskendings aan te hoor. Die taak van Benin se konstitusionele hof is vergemaklik deurdat die Afrikahandves van Mense- en Volkeregte in 1990 by hul grondwet geïnkorporeer is. Die konstitusionele hof het egter ook beperkings, aangesien dit nie vergoeding of reparasië aan die slagoffers van menseregteskendings toestaan nie. In die Ivoorkus moet klaers hulle steeds op die gewone howe beroep wat nie bewys het dat hulle doeltreffend is in die afdwinging van menseregte nie. Daar is dus 'n behoefte aan die daarstelling van 'n spesiale hof met 'n spesifieke menseregtemandaat.

Magnus Killander
+27 12 420 5407
magnus.killander@up.ac.za

Handelsreg

Internasionale perspektiewe op Suid-Afrika se reg rakende onbillike ontslag

Hierdie navorsing handel oor die persepsie dat Suid-Afrika oorgereguleer mag wees ten opsigte van die reg om nie onbillik ontslaan te word nie. In hierdie verband word Konvensie C158 van die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO) ontleed en die onderskeie posisies in Nederland, die VK, die VSA en Suid-Afrika vergelyk. Die navorsers se gevolgtrekking is dat Suid-Afrika se regsbestel rakende onbillike ontslag beslag gee aan die kernbeginsels van die ILO se Konvensie C158. Suid-Afrika se norme vereis nie meer ten opsigte van voorontslagprosedures as die standaard wat deur die ILO daargestel is en dié wat in die VK geïmplementeer word nie. Dit verskaf egter meer beskerming aan werknemers as wat die geval is in Nederland en die VSA. In gevalle waar Suid-Afrikaanse werkgewers en vakbonde op meer formalistiese hofagtige prosedures in hul dissiplinêre kodes ooreenkom (soos dié wat tydens die era van die Nywerheidshof voorgeskryf is) as dié wat regtens voorgeskryf word, is dit deur hul eie toedoen. Hulle sal gehoor moet gee aan sodanige vereistes. Sodanige praktyk het egter nie tot gevolg dat die Suid-Afrikaanse arbeidsreg meer voorskriftelik is as die standaard wat deur die ILO gestel word of dié wat in lande soos die VK ingestel is nie.

P Smit en Stefan van Eck
+27 12 420 2763
stefan.vaneck@up.ac.za

Tydlike werkverskaffingsdienste: hoe om die skuiwergat in artikel 198 van die Wet op Arbeidsverhoudinge toe te stop

Hierdie navorsing ondersoek die skuiwergat wat geskep is deur artikel 198 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995, wat die regte van werkers ondermyn en die fiksie handhaaf dat 'n makelaar van tydelike werkverskaffingsdienste (MTW) 'n werkgewer is in plaas van die tussenganger tussen die kliënt en die werker. Atipiese arbeid, in die besonder deeltydse werk, speel 'n toenemend belangrike rol in geïndustrialiseerde lande. Die ontslag van 'n atipiese werknemer moet as ontslag ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV) beskou word ten einde aan die werker, as die party met die minste onderhandelingsmag, die broodnodige beskerming kragtens die bepalings van die WAV te bied. Die bewoording van artikel 198(2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge en die omskrywing van 'n werknemer (artikel 213) behoort 'n onafhanklike kontrakteur in te sluit wat deur 'n MTW by 'n kliënt geplaas is ten einde aan enige persoon wat deur 'n MTW verkry is of by 'n kliënt geplaas is, beskerming te verleen ooreenkomstig die land se grondwetlike arbeidsregte, die WAV en die standaarde van die Internasionale Arbeidsorganisasie (ILO). Artikel 198 bepaal duidelik dat "iemand wie se dienste deur 'n [MTW] vir 'n kliënt verkry of aan 'n kliënt voorsien is, die werknemer van daardie [MTW] en is die [MTW] daardie persoon se werkgewer". Die skuiwergat wat aldus deur die bewoording van artikel 198 geskep is moet derhalwe gewysig word ten einde uitvoering te gee aan fundamentele arbeidsregte. Die MTW of die kliënt kan as die werkgewer beskou word in ooreenstemming met die konsep van die driepartyverhouding. Die groei in atipiese arbeid vereis dringende aandag ten opsigte van die effektiewe beskerming, regulering en registrasie van arbeidsmakelaars.

Ezette Gericke
+27 12 420 2363
ezette.gericke@up.ac.za

Insolvensie en alternatiewe skuldverligting vir verbruikers in Tanzanië: 'n vergelykende ondersoek

Die doel met hierdie navorsing is om die Tanzaniese verbruikersinsolvensie- en skuldverligtingsmaatreëls met dié van Suid-Afrika te vergelyk. Uiteindelik wil die navorsers bepaal of Tanzanië enige lesse kan leer van sy medeland in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) en die pad vorentoe aandui vir toekomstige regshervorming in hierdie verband. Die navorsing toon dat die Tanzaniese stelsel, in vergelyking met die Suid-Afrikaanse stelsel, in talle opsigte meer liberaal teenoor skuldenaars staan. So vereis die Tanzaniese Insolvensiewet byvoorbeeld nie bewys van "voordeel vir krediteure" voor 'n skuldenaar insolvent verklaar word nie. Die Tanzaniese stelsel maak egter nie vir enige noemenswaardige alternatiewe skuldverligtingsprosedure voorsiening nie. In 2001 het die Internasionale Vereniging vir Herstrukturering- en Insolvensiewerkers (INSOL Internasionaal) se verbruikerskuldkomitee aanbeveel dat wetgewers van lande wat regshervorming onderneem ten opsigte van die skuldprobleme van individuele skuldenaars voorsiening moet maak vir alternatiewe skuldverligtingmaatreëls wat die skuldenaar se besondere behoeftes in ag neem. Die navorsers stel voor dat die Tanzaniese wetgewer by die ontwerp van sodanige prosedure uit die foute van die Suid-Afrikaanse wetgewer moet leer. Die alternatiewe prosedure moet goedkoop en eenvoudig wees en eerder uit buite-geregtelike as geregtelike prosedures bestaan. Uiteindelik moet dit aan die verbruiker 'n kwytstelling van skuld bied en hom of haar dianooreenkomstig in staat stel om 'n nuwe begin te maak.

Ngwaru Maghembe
+27 12 420 3924
ngwaru.maghembe@up.ac.za

Melanie Roestoff
+27 12 420 3359
melanie.roestoff@up.ac.za

Jordan v Farber 1352/09 ZANHC 81

Die vonnisbespreking van Jordan v Farber 1352/09 ZANHC 81 handel oor verskeie aspekte van die kontraktereg, soos openbare beleid en geldigheid, dwaling, kansellasië, repudiasie, onbehoorlike beïnvloeding en skadevergoeding. Dit handel oor die saak van 'n bejaarde egpaar wat hul boerderybedrywighede weens swak gesondheid moes staak. Die prokureur wat hulle om hulp genader het, het aangebied om die plaas, toerusting en diere in sy persoonlike hoedanigheid by hulle te huur, alhoewel hy in sy professionele hoedanigheid ook die huurkontrakte opgestel het. Dit het later aan die lig gekom dat die prokureur sy posisie gebruik het om die egpaar te mislei oor die betrokke kontrakte en dat hy hom aan onetiese en onprofessionele gedrag skuldig gemaak het. Die egpaar het by die hof aansoek gedoen om die huurkontrakte nietig, alternatief as gekanselleer, te verklaar en om die prokureur van die plaas af te sit. Die bevel is toegestaan. Die navorsers het egter aangetoon dat minimale geregtigheid aan die egpaar geskied het, aangesien hulle geen skadevergoeding geëis of ontvang het nie. Die onderskeie moontlikhede wat in die omstandighede aan hulle beskikbaar was, is ondersoek en die gevolgtrekking was dat om die aangeleentheid by wyse van aansoek voor die hof te bring waarskynlik nie die beste wyse was om regshulp te probeer verkry nie.

Jacolien Barnard
+27 82 909 0298
jacolien.barnard@up.ac.za

Chris Nagel
+27 12 420 2414
chris.nagel@up.ac.za

Prosesreg

Om in die lig van die Nasionale Kredietwet te sekwestreer of nie te sekwestreer nie: 'n verhaal van twee beslissings

In hierdie navorsing oorweeg die navorsers die impak van die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005 (die NKW), op sekwestrasieprosedures ingevolge die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936, en onlangse presedente. In die besonder word die impak van skuldverligtingsmaatreëls en sekere spesifieke bepalings wat ingevolge die NKW op skuldafdwinding van toepassing is op sekwestrasieprosedures oorweeg. Die navorsers ontleed die regsposisie en verskaf riglyne oor hoe die howe sekere potensiële probleemareas moet benader wanneer klaarblyklik botsende bepalings van beide wette in 'n bepaalde geval aanwending vind.

André Boraïne
+27 12 420 2055
andre.boraïne@up.ac.za

Corlia van Heerden
+27 12 420 2377
corlia.vanheerden@up.ac.za

Terapeutiese jurisprudence: die welstand van regterlike beamptes en slagoffers

In hierdie studie ondersoek die navorser die beginsels en praktyk van die terapeutiese jurisprudence-perspektief (insluitende die verwantskap daarvan met herstellende geregtigheid), en ontleed kortliks die verskille tussen

tradisionele en terapeutiese hofprosedures en regterlike beamptes, asook die belangrikheid van persoonlike vaardighede. Daar word geargumenteer dat daar, benewens die fokus op die oortreder se welstand, 'n behoefte bestaan om ook die terapeutiese behoeftes van spesifieke slagoffers te erken en te fasiliteer. Daar word aangetoon hoe die hof se buitengewone benadering tot 'n jeugdige slagoffer in die verkragtingsaak van *S v M 2007 (2) SACR 60 (WPA)* 'n voorbeeld stel van hoe om die beginsels van terapeutiese jurisprudence met betrekking tot slagoffers in die vonnishof te inkorporeer. 'n Analise van die uitspraak in *M* bevestig dus hoe die beginsels van terapeutiese jurisprudence (alhoewel onwetend in hierdie saak) aan regterlike beamptes 'n geleentheid verskaf om verder as beregting (rakende beide die oortreder en die slagoffer) te kyk, meer te doen as om net 'n saak te prosessee, om die diepgaande impak (dikwels kontraterapeuties) te erken wat die regsproses en die uitkoms daarvan op alle betrokkenes se lewe en welstand kan hê, om 'n etiek van omgee te ontwikkel en om die regsproses te vermenslik. 'n Terapeutiesejurisprudence-benadering verander ook die dinamiek van die hofsaal, veral in die konteks van vonnisoplegging deur, onder andere, aktiewer regterlike beamptes te verg. Daar word aan die hand gedoen dat een van die redes waarom die terapeutiesejurisprudence-"lens" nie op 'n uitdruklike wyse in Suid-Afrika gebruik is nie, kan wees dat die howe die idee van ubuntu as riglyn het, wat die grondwetlike erkenning en bevordering van die menswaardigheid en ongeskondenheid van almal onderstreep. Verskeie internasionale jurisdiksies het egter sedert 2004 die perspektief van terapeutiese jurisprudence aanvaar deur die aanvaarding van resolusies, die ontwikkeling van regterlike handleidings oor die onderwerp of deur dit in hul nasionale curricula vir regterlike opleiding op te neem. Hierdie navorsing beveel aan dat die formele erkenning van terapeutiese jurisprudence in Suid-Afrika oorweeg word.

[Annette van der Merwe](#)
+27 12 420 3362
annette.vandermerwe@up.ac.za

'n Beoordeling van die huidige stand van skuldberading kragtens die Nasionale Kredietwet

Hierdie navorsing het bestaan uit 'n oorsig van die Nasionale Kredietwet en die regulasies daarvan, asook 'n bywerking van die tersaaklike regspraak en akademiese artikels oor skuldherkedulering. Daarbenewens is 'n kwantitatiewe opname gedoen wat bestaan het uit 'n ontleding van 41 657 kredietooreenkomste onder skuldherkedulering met verwysing na, onder andere, reaksietye op versoeke om balanssertifikate, die frekwensie van terugvoer oor en aanvaardingskoerse van herskeduleringsvoorstelle. 'n Kwalitatiewe studie oor die ingesteldhede, ervarings en persepsies van die 60 aktiefste skuldberaders en 'n aantal kredietverskaffers, prokureurs en landdroste was ook deel van die studie. 'n Aantal aanbevelings oor wysigings aan die wetgewing en regulasies, asook oor ander aangeleenthede, is gemaak.

[Mareesa Kreuser en Jani van Wyk](#)
+27 12 420 2344
mareesa.kreuser@up.ac.za

[Charlotte van Sittert](#)
+27 12 420 4159
charlotte.vansittert@up.ac.za

[Franciscus Haupt](#)
+27 12 420 4158
franciscus.haupt@up.ac.za

Publiekreg

Opmerkings oor verteenwoordiging, demokrasie en homogenisering

Hierdie navorsing ondersoek die implikasies van die afdwinging van die beginsel van verteenwoordiging, dit wil sê die beginsel waarvolgens die nasionale bevolkingsprofiel – meer spesifiek die rasseprofiel van die nasionale bevolking – in alle instellings en georganiseerde terreine weerspieël moet word. Alhoewel die beginsel op sigself nog nie in die praktyk op alle sferes van die Suid-Afrikaanse gemeenskap gevestig is nie, het dit ontwikkel tot die meesterkonsep van die Suid-Afrikaanse openbare orde na 1994 en een van die kernkonsepte in die strewe na die sogenaamde transformasiedoelwit van die huidige Suid-Afrikaanse regering. Benewens die feit dat dit in 'n handjievol grondwetlike bepalinge voorkom, figureer verteenwoordiging prominent in 'n indrukwekkende aantal statute wat vereis dat instellings die samestelling van die nasionale bevolking moet weerspieël. Na die oordeel van verskeie prominente kommentators is bewys dat verteenwoordiging ook 'n deurslaggewende rol speel op sowel die regs- as die politieke terrein in Suid-Afrika. Teen die agtergrond van die bewese praktiese belang van verteenwoordiging, het 'n waardering van die gevolge en aanwending daarvan besonder aktueel geword. Daar word geargumenteer dat daar net beperkte ruimte vir verteenwoordiging moet wees, naamlik net in die konteks van liggames of instellings waarin almal 'n gelyke belang het (liggame wat gelyke-aandeel- gemeenskaplike belange verteenwoordig). Buiten hierdie liggame is daar geen legitieme plek vir verteenwoordiging in 'n demokratiese gemeenskap nie, aangesien dit 'n stelsel sal behels waarvolgens die georganiseerde sferes van die minderhede geannekseer en tot die meerderheid se beskikking gestel word. Dit sal 'n algemene stelsel van meerderheidsoorheersing daarstel en verskans tot nadeel van minderhede.

[Koos Malan](#)

+27 12 420 3733

koos.malan@up.ac.za

Regsgeskiedenis, Regsvergelyking en Regsfilosofie

'n Oorsig van die regulering van ingeligte toestemming tot kliniese navorsing deur geestesongestelde persone in Suid-Afrika

Hierdie navorsing ondersoek die reg met betrekking tot ingeligte toestemming deur geestesongestelde persone om aan gesondheidsorg-gerelateerde navorsing deel te neem. Die studie is die eerste oorsig van hierdie aard wat na die verordening van die Wet op Geestesgesondheid en die Nasionale Gesondheidswet onderneem is. Die navorsing skets die voorwaardes waarvolgens etiese en regsnavorsing in hierdie potensieel kwesbare groep onderneem mag word. Die gevolgtrekking is dat geen wet spesifiek en omvattend voorsiening maak vir die ingeligte toestemming van geestesongestelde persone om aan navorsing deel te neem nie en dat dit gevolglik nodig is om algemene beginsels van toepassing te maak op die navorsingsomgewing waar geestesongestelde persone betrokke is.

[Annelize Nienaber](#)

+27 12 420 2634

annelize.nienaber@up.ac.za

LB v YD 2009 5 SA 463 (T)/ YD v LB (A) 2009 5 SA 479 (NGP)

Hierdie navorsing hou verband met 'n aansoek deur 'n beweerde vader vir 'n bevel wat die vrou en haar minderjarige kind verplig om bloedtoetse te ondergaan ten einde die vaderskap van die minderjarige kind te bepaal. Die saak het die hof genoop om die regte van die vader om met sekerheid te weet of hy die biologiese ouer van die kind is of nie, op te weeg teen die moeder en die kind se reg op privaatheid en liggaamlike integriteit. Die hof het besluit om die toetse te beveel op grond van die voorrang van die hof se noodsaak om die waarheid te bepaal. Die hof het beslis dat die noodsaak om die waarheid te bepaal en die voordele wat dit vir beide die vader en die kind inhou om die waarheid so vroeg moontlik te bepaal, die geringe ongerief van die toetse ver oortref. Voorts sou 'n versuim om die toets te laat doen daartoe lei dat ouerlike verantwoordelikheid ingevolge 'n gevestigde regsvermoede opgelê word. Sodanige optrede sou verkeerd wees onder die omstandighede waar biologiese ouerskap sonder twyfel bepaal kon word en waar die beweerde biologiese ouer bereid was om ouerlike verantwoordelikheid te aanvaar. Die aansoek om verlof tot appèl is geweier. Dit was 'n jammerte, aangesien die navorsing verskille in die howe se benaderings tot sodanige sake uitgewys het en 'n appèlbeslissing regsekerheid oor die aangeleentheid sou bring.

[Caroline Nicholson](#)
+27 12 420 3628
caroline.nicholson@up.ac.za

Regsleer, vriendskap en die universiteit as heterogene openbare ruimte en die argaïese strukture van ons begeerte

In hierdie navorsing bevorder die navorser 'n breër ondersoek na wat die hoofbeginsels van 'n post-apartheid regsleer is en behoort te wees. Die vraag na die rol van formalisme en funksionalisme in 'n transformatiewe maatskaplike, politiese en regskonteks word krities geëvalueer teenoor 'n benadering wat kompleksiteit en voortgesette besinning gekoppel aan vriendskap en heterogeniteit onderstreep. Voorts word post-apartheid-regsleer ondersoek met verwysing na die bydrae van Albie Sachs tot beregting, regsuitleg en regsleer. Daar word tentatief bevind en voorgestel dat regsreëls ontwikkel word wat die perke en krag van die reg erken en verantwoordelikheid die grondslag van 'n post-apartheid-regsleer maak.

[Karin van Marle](#)
+27 12 420 3756
karin.vanmarle@up.ac.za